Eerste eienaars kan in April intrek

Sarie van den Berg

VANDERBIJLPARK. – Bouwerk aan die Riverspray Lifestyle Estate vorder fluks en na verwagting sal die eerste fase van die sekuriteitskompleks reeds in April deur hul eienaars betrek word.

Volgens mnr. Willem Brooks van D.G. Ladegaard, wat in beheer van die verkope en verhuring van die driefase-ontwikkeling is, verloop alles volgens plan en is daar reeds meer as 2 miljoen stene in die kompleks gebruik.

"Die belangrikste eienskap is dat die kompleks oor sy eie sekuriteitbestuurder en sekuriteitspan beskik. Die perseel sal elke dag deur tien wagte gepatrolleer word.

"Die fases behels tans die ontwikkeling van verskeie damme wat deel vorm van 'n gholfbaan, 'n swembad, tennisbane en 'n klubhuis waar inwoners hulle gaste kan onthaal.

"Die fases behels 174 woonstelle, 151 meenthuise en 260 erwe; van die erwe is teen R300 000 te koop," vertel Brooks.

Hy skryf die ontwikkeling se sukses toe aan Solid Build, die boukontrakteur wat tans ook 250 werkskeppingsgeleenthede vir plaaslike arbeiders in die Vaaldriehoek beding het.

Mnr. Willem Brooks voor die kompleks.